
Welkom
Psalm 118

# Votum

Voorganger: Loof die Here, want Hy is goed.

*Gemeente: Aan sy liefde is daar geen einde nie.*

Voorganger: Loof die oppermagtige God.


*Gemeente: Aan sy liefde is daar geen einde nie.*

Voorganger: Loof die magtigste van alle maghebbers.

*Gemeente: Aan sy liefde is daar geen einde nie.*

Voorganger: Hy het magtige dade gedoen, Hy alleen.

*Gemeente: Aan sy liefde is daar geen einde nie.*




Seengroet


Lofprysing


Gebed


Psalm 118

1 Prys die HERE, want Hy is goed;

2 Laat Israel sê:
“Vir ewig duur sy troue liefde.”

3 Laat die huis van Aäron sê:
“Vir ewig duur sy troue liefde.”

4 Laat dié wat vir die HERE
ontsag het, sê:
“Vir ewig duur sy troue liefde.”



5 In my angs het ek geroep: "HERE!"- Hy het my geantwoord;die
HERE het vir my ruimte gemaak.

6 Die HERE is vir my; ek sal nie bang wees nie. Wat kan 'n mens
aan my doen?
7 Die HERE is vir my, as my helper; en ek, ek sal op my haters
neersien.

8 **Dit is beter om by die HERE te skuil** as om op mense te vertrou.
9 **Dit is beter om by die HERE te skuil** as om op vooraanstaandes te
vertrou.



10Alle nasies het my omsingel; **in die Naam van die HERE** kon ek
hulle waarlik afweer.
11Hulle het my omsingel, ja, hulle het op my toegesak; **in die
Naam van die HERE** kon ek hulle waarlik afweer.
12Hulle het my omsingel soos bye, **maar** hulle is geblus soos 'n
vuur in doringstruike. **In die Naam van die HERE** kon ek hulle
waarlik afweer.

13Julle het my hard gestamp, dat ek moes val, **maar** die HERE het
my gehelp.
14My krag en sterkte was die HERE; **MAAR** Hy het my tot hulp
gekom.



15Die geluid van jubelkrete en van verlossing klink op in die tente
van regverdiges.
**Die regterhand van die HERE doen kragtige dade.**-
16Die regterhand van die HERE is hoog gelig; **die regterhand van
die HERE doen kragtige dade**.

17Ek sal nie sterf nie, **maar** ek sal lewe en vertel van die dade van
die HERE.
18 Die HERE het my ernstig tereggewys, **maar** aan die dood het Hy
my nie oorgegee nie.



19 Maak vir my die poorte
na ▪geregtigheid oop;
ek wil daardeur ingaan,
ek wil die HERE prys.

20 “Dit is die poort na die HERE –
regverdiges mag daardeur ingaan.”



21 Ek wil U prys,
omdat U my geantwoord
en my te hulp gekom het.
22 Die klip wat die bouers afgekeur het,
het die hoeksteen geword.
23 Van die HERE het dit gekom;
dit is 'n wonder in ons oë.
24 Dit is die dag wat die HERE
gemaak het;
laat ons juig
en ons in Hom verheug.



25 Ag, HERE, verlos ons tog!
Ag, HERE, gee tog voorspoed!

26 Geseënd is hy wat kom
in die Naam van die HERE.
Ons seën julle uit die huis van die HERE.



27 Die HERE is God;
Hy het vir ons lig laat skyn.
Voer met gevlegte takke
die kringdans uit tot by
die horings van die altaar.



28 U is my God en ek prys U!
My God, ek wil U verheerlik.

29 Prys die HERE, want Hy is goed;
ja, vir ewig duur sy troue liefde.




Oomblik..


Kollekte

# Slotlied




Wegsending
& Amen